# NOTULE / BESLUITELYS

## VIRTUELE INLIGTINGSVERGADERING (IN DIE PLEK VAN DIE ALGEMENE RAADSVERGADERING)

AGRI NW

**ZOOM-VERGADERING:**
**DATUM: 22 JUNIE 2021**
**TYD: 09:00**

**VOORSITTER: MNR WILLEM DE CHAVONNES VRUGT**

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| **1.** | **OPENING** | | |
| | Mnr De Wet Marx open die veragdering met "n gebed. | | |
| **2.** | **VERWELKOMING** | | |
| | Die Voorsitter, mnr Willem de Chavonnes Vrugt, heet almal welkom wat by die Zoom-vergadering ingeskakel het.<br>Die vergadering gaan opgeneem word. Die Opname sal op versoek aan die Raadslede gestuur word per E-pos.<br>Die Presensielys sal deur me Botha hanteer en kontroleer word tydens die vergadering deur dit af te merk van wie by die Zoom-vergadering ingeskakel het. | Afgehandel | |
| **3.** | **INLEIDING EN AGTERGROND** | | |
| | **KENNISNAME:** | | |
| ▪ | Agri NW-Vergaderings en -aktiwiteite:<br>Belangrike vergaderings gaan voort en word meestal gehou met Zoom. Sodra daar weer ten volle (persoonlike kontakvergaderings) gehou kan word sal die Affiliasies en lede dienooreenkomstig ingelig word.<br>Die Dagbestuur hou gereeld vergaderings. | | |
| ▪ | Agri NW-Jaarkongres:<br>Daar gaan nie 'n fisiese Kongres gehou word nie, maar wel 'n Webinaar. Die datum daarvan is | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| ▪ | 22 September 2021.<br>Dit sal aan die Affiliasies beskikbaar gestel word per E-pos en Whatsapp, sodat die lede dit op hul eie tyd kan kyk.<br><u>Verkiesing van Ampsdraers – Presidente en Komiteevoorsitters</u><br>‘n E-pos sal aan die Affiliasies gestuur word, sodat hulle die stemgeregtigde lede se besonderhede aan die Hoofkantoor deurgee. Die stemprosedure en die aantal stemgeregtigde lede sal ook aan die Affiliasies gestuur word.<br>Indien daar gestem moet word sal PWC daarmee behulpsaam wees. ‘n Webgebaseerde stelsel sal gebruik word indien daar gestem moet word.<br><u>Zoom-Streeksvergaderings:</u><br>Die beplande datums van die Zoom-Streeksvergaderings met Munisipale- en Plaaslike Landbouverenigings se Bestuurslede is as volg:<br>2021-08-03 Agri Hartbeesfontein, Agri Klerksdorp.<br>2021-08-04 Agri Zeerust, Agri Klippan, Agri Marico-Bosveld<br>2021-08-05 Agri Bloemhof, Agri Christiana, Agri Schweizer, Agri Wolmaransstad.<br>2021-08-10 Agri Gresater Taung.<br>2021-08-11 Agri Driehoek, Agri Delareyville, Agri Lichtenburg, Agri Ottosdal, Agri Sannieshof, Agri Soetdoring.<br>2021-08-12 Agri Potchefstroom, Agri Ventersdorp.<br>2021-08-17 Agri Vryburg, en Agri Molopo.<br>2021-08-18 Virtuele Lede. | Afgehandel. | |
| **4.** | **OORWEGING VIR GOEDKEURING VAN DIE BESLUITELYS / NOTULE EN PRESENSIELYS VAN DIE VORIGE VERGADERING: 2020-10-20** | | |
| | Die notule word as gelese beskou, aangesien dit vooraf aan die Raadslede beskikbaar gestel is.<br>Me Botha bied verskoning aan dat bl 3 per ongeluk nie deel was van die Notule nie.<br>Die Besluitelys / Notule word op voorstel van mnr Daan van der Merwe en gesekondeer deur mnr Sarel Pretorius goedgekeur. | | |
| **5.**<br>**5.1** | **SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE VORIGE BESLUITELYS / NOTULE**<br>**SAKE VIR ONMIDDELIKE BESPREKING IN DIE SAKELYS** | | |
| | Geen. | | |
| **5.2** | **SAKE VIR BESPREKING IN DIE SAKELYS** | | |
| | Geen. | | |
| **NUWE SAKE VIR BESPREKING** | | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| 6.<br>6.1 | **AGRI NW-SPESIALITEITSKOMITEES**<br>**LANDBOU-ONTWIKKELING** | | |
| | Mnr Hendrik Reyneke gee terugvoering aan die vergadering vir KENNISNAME:<br>**KENNISNAME:**<br>Onteiening sonder vergoeding:<br>Hierdie saak is al vir 3 jaar aan die gang en geniet nog steeds ernstige aandag. Die onsekerheid gaan nog lank met die produsente wees.<br>Hantering van Restitusie-eise: | | |
| ▪ | Mnre Boeta du Toit en Naude Pienaar het goeie ervaring van Restitusie-eise. | | |
| ▪ | Affiliasies en/of lede word versoek om met Agri NW se Hoofkantoor in verbinding te tree, indien hul bewus is van enige Restitusie-eise in enige gebied in die Noordwes Provinsie, sodat hulle daarmee behulpsaam kan wees. | | |
| ▪ | Mnr HJ Moolman is die Prokureur wat tans deur Agri NW gebruik word vir sekere van die Restitusie-eise. | | |
| ▪ | Mnr HJ Moolman gaan ook die Matlaba-Grondeisers se saak hanteer om voort te gaan om die Restitusie-eis teen te staan, wat oorhandig gaan word aan die Grondeisekomitee. | | |
| 6.2<br>6.2.1 | **KOMMSERSIËLE KOMITEE**<br>**LAND BANK** | | |
| | **BESLUITE:** | | |
| (1) | Affiliasies word versoek om die inligting met hul lede te kommunikeer en hul versoek om hul fasiliteite by die Land Bank te gaan hersien, indien hul dit nog nie gedoen het nie of ander planne in plek te kry byvoorbeeld die Handelsbanke. | Affiliasies | So spoedig moontlik. |
| (2) | Affiliasies hul lede versoek om enige probleem / probleme wat met Land Bank ondervind is / word op skrif te stel en deur te stuur aan Agri Noordwes se Hoofkantoor. Dit sal oopgeneem word met Agri SA vir verdere optrede. | Affiliasies<br>Agri NW<br>Agri SA | So spoedig moontlik. |
| 6.2.2 | **PLAASLIKE REGERING** | | |
| | Mnr Boeta du Toit rapporteer as volg: | | |
| ▪ | Slegs twee Munisipaliteite, naamlik Ditsobotla- en Dr Ruth Segomotse Mompati Munisipaliteite gaan eerste Hof toe gevat word. Die Sakeliga dra al die kostes - ± R4 Miljoen vir die Hofsaak. | | |
| ▪ | Agri NW lewer slegs insette. Daar is geen geldelike bydrae vir Agri NW nie. | | |
| | **BESLUITE:** | | |
| (1) | Skakel met Boeta du Toit by 082 388 1722 vir verdere detailinligting. | Affiliasies / Lede | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| **6.2.3** | **PADINFRASTRUKTUUR** | | |
| | Mnr Boeta du Toit rapporteer as volg: | | |
| ▪ | Die Provinsiale- en Grondpaaie is nog steeds die grootste probleem in die Noordwes Provinsie. Groot kommer heers hieroor, want dit versleg by die dag. | | |
| ▪ | Die nuwe Administrateur, mnr Moremi, sou ’n vergadering met Agri NW hou, maar dit is uitge-stel. | | |
| ▪ | Samewerking met die DA en VF: Die Padprobleemaanmeldingsvorms is reeds vir hulle ook aange-stuur, sodat hulle kan voorlê vir bespreking. | | |
| ▪ | Oplossing: Individue, Bestuurders, LUR, ensovoorts kan verantwoordelik gehou word vir siviele eise. | | |
| | **<u>BESLUIT:</u>** | | |
| (1) | Agri NW het ’n Prokureur wat kosteloos (*pro bono*) die sake sal hanteer. Enige skade wat deur lede opgedoen word byvoorbeeld aan voertuie en toerusting of lewensverlies in ’n motorongeluk as gevolg van die toestand van die Provinsiale- en Grondpaaie. ’n Siviele Eis kan dan ingedien word. Sorg dat voldoende bewyse soos foto’s en Fakture beskikbaar is. Lede word versoek om Agri NW hiermee behulpsaam te wees. Hierdie Siviele Eise sal die saak versterk om nog meer druk op die Departement te plaas. | Affiliasies / Lede | |
| (2) | Ondersteuning van Affiliasies en lede in verband met die indiening en opvolg van Padprobleem-aanmeldingsvorms moet deurlopend gedoen word. Opvolginligting tweeweekliks of maandeliks instuur na Hoofkantoor vir opvolg. | Hoofkantoor / Lede | |
| (3) | Agri NW se Padprobleemaanmeldingsvorm kan by me Botha aangevra word per E-pos. | Hoofkantoor | |
| (4) | Affiliasies word versoek om hul lede aan te moedig om Padprobleemaanmeldingsvorms te voltooi en aan Hoofkantoor te stuur van die paaie waar daar probleme ondervind word. | Hoofkantoor / Lede | Deurlopend. |
| **6.2.4** | **ELEKTRISITEIT** | | |
| | Mnr Boeta du Toit lewer kortliks verslag:<br>Agri NW het gereelde skakeling met die Provinsiale Strukture.<br>Agri NW het deurlopende skakeling met mnr Morne Wegeman van Eskom. | | |
| | **<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (1) | Affiliasies word versoek om Elektrisiteitsprobleme aan die Hoofkantoor te rapporteer deur middel van die Klantenavraagvorm. | Affiliasies | Deurlopend. |
| (2) | Probleme wat met Rekenings ondervind word moet aan die Hoofkantoor deurgegee word, sodat daar aandag daaraan gegee kan word. | Affiliasies / Lede | |
| (3) | Vir enige navrae skakel met Boeta du Toit by 082 388 1722. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| **6.3** | **LANDELIKE VEILIGHEID** | | |
| | Mnr Sarel Pretorius rapporteer as volg: | | |
| ▪ | Virtuele Kommunikasie Sentrums is gestig en funksioneer goed. | | |
| ▪ | Agri NW het goedgedink om saam met ander vennootskappe die Hofsaak aanhangig te maak wat 'n verklarende bevel deur waarskynlik die Konstitusionele Hof moet wees wat die Polisie hulle opdragte moet gee hoe hulle sekere sake moet hanteer van betreding af tot met grond-besetting. Hulle interpreteer die Wet soos dit hulle pas met elke voorval. | | |
| ▪ | Mnr Pienaar het 'n Fasiliteringsrol begin speel tussen die Nasionale Vervolgingsgesag en die Polisie. Die kommunikasie tussen die twee partye is min of glad nie. Probeer dit ondervang sodat hulle dit met mekaar kan praat, want misdaad het 'n geweldig toegeneem in die afgelope jare en die klaer is die een wat wat die spit afbyt | | |
| | **<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (1) | Stigting van Virtuele Kommunikasie Sentrums is noodsaaklik en moet gestig word. | | |
| (2) | Vir enige navrae of veiligheidsaangeleenthede wat in u gebied / gemeenskap plaasvind, skakel dadelik vir Sarel Pretorius, Boeta du Toit of Naude Pienaar. | | |
| **6.4** | **ARBEID- EN MAATSKAPLIKE KOMITEE** | | |
| | Lede moet bemagtig en bewus gemaak word om te voldoen aan Arbeidswetgewing om nie geteiken te kan word deur die Departement van Arbeid, Vakbonde en politieke partye nie. | Affiliasies / Hoofkantoor | |
| **6.5** | **JONGBOERKOMITEE** | | |
| ▪ | Mnr Wernich Lemmer van Agri Hartbeesfontein is aangewys as Agri Noordwes se 2021 Jongboer van die Jaar. | | |
| ▪ | Hy gaan nou vir die Noordwes Provinsie deelneem aan die Nasionale Jongboer van die Jaar-kompetisie wat deur Toyota/Agri SA aangebied word. Sterkte en voorspoed word hom toege-wens. | | |
| **7.** | **BEDRYFSORGANISASIES** | | |
| **7.1** | **NOORDWES ROOIVLEISPRODUSENTE-ORGANISASIE** | | |
| ▪ | Mnr Sakkie van Zyl het bedank as Voorsitter. Mnr Danie de Villiers, huidige Ondervoorsitter, sien nie kans daarvoor as gevolg van sy eie verpligtinge en boerdery-aktiwiteite nie. | | |
| ▪ | Mnr Nico Kilian sal genader word om waar te neem as Waarnemende Voorsitter, totdat die nuwe Voorsitter verkies word. | | |
| **8.** | **FINANSIES EN AFFILIASIEGELD:** | | |
| **8.1** | **<u>Statusverslag vir 2020/21-Affiliasiegeldbetalings ontvang soos op 31 Mei 2021</u>**<br><u>KENNISNAME</u>: | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| ➢ | Die 2020/21-Affiliasiegeldtabel is beskikbaar gestel aan die Raadslede. | | |
| ➢ | Dankie aan die Affiliasies wie se 2020/21-Affiliasiegeld ten volle opbetaal is. | | |
| ➢ | <u>Inkomstes:</u><br>Die Tekort op hierdie stadium is hoofsaaklik die uitstaande 2020/21-Affiliasiegeld. Affiliasiegelde is en bly ons grootste risiko. | | |
| ➢ | <u>Uitgawes:</u><br>Die maandelikse uitgawes word goed bestuur deur die Hoofkantoor. | | |
| | **<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (1) | Affiliasies ernstig dog dringend versoek word om hul uitstaande 2020/21-Affiliasiegelde so spoedig moontlik oor te betaal. | Affiliasies | Deurlopend. |
| (2) | Agri NW-Hoofkantoor en mnr Sarel Pretorius sal telefonies met die Affiliasies, wie se 2020/21-Affiliasiegelde nog uitstaande is, skakel. Indien die invordering nie na wense oorbetaal word nie moet die inligting aan mnr Cobus van Zyl deurgegee word vir sy optrede. | Hoofkantoor<br>S Pretorius<br>C van Zyl | Deurlopend |
| | **<u>Afsktryf van die Uitstaande 2016/17 tot 2018/19-Affiliasiegelde:</u>**<br>**<u>BESLUITE</u>:** | | |
| (3) | Die Algemene Raad het goedkeuring gegee dat die 2016/17 tot 2018/19-Affiliasiegeld, volgens me Potgieter se verslag, afgeskryf word.<br>Die betrokke Affiliasies en bedrae vir die onderskeie jare is as volg: | S Pretorius<br>H Botha | |

| AFFILIASIE | 2016/17<br>R | 2017/18<br>R | 2018/19<br>R | 2019/20<br>R | TOTALE BEDRAG R |
|---|---|---|---|---|---|
| Agri Driehoek | 3548.25 | 3078.00 | 9967.05 | 888.95 | 17482.25 |
| Agri Koster | 2838.00 | 3405.00 | 1661.46 | - | 7904.46 |
| Agri Lichtenburg | 2838.60 | 4657.70 | 1661.18 | - | 9157.28 |
| Agri Marico Bosveld | 35051.97 | - | 92199.80 *** | -R39422.33 | 35051.97 |
| Agri Potchefstroom | 2473.80 | 2029.51 | - | - | 4503.31 |
| Agri Schweizer | 82435.59 | 11941.57 | 142185.49*** | - | *** |
| Agri Vlakdrif | - | 3145.50 | 3306.28 | - | 6451.78 |
| Agri Wolmaransstad | 19535.54 | 26666.13 | 31962.58 | - | 78164.25 |
| **TOTAAL** | **R66286.16** | **R42981.64** | **R48558.55** | **R888.95** | **R158715.30** |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | *** Agri Schweizer / Amalia: Boeta du Toit sal terugvoering gegee na aanleiding van die met hul voormalige Ouditeure. | | |
| (4) | Daar word slegs van Agri Marico-Bosveld en Agri Schweizer verduidelikings benodig vir hul uitstaande affiliasiegelde en/of die betrokke Affiliasies moet die lede kontak, sodat daar van die | W Potgieter | So gou moontlik. |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | uitstaande Affiliasiegeld ingevorder kan word. Agri NW sal hiermee behulpsaam wees indien die betrokke lede se besonderhede deur die Affiliasies aan hul verskaf word. | | |
| **8.2** | **<u>Rekonsiliasie van 2021/22-Ledelyste:</u>** | | |
| | **<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (1) | Die gerekonsilieerde 2021/22-Ledelyste moet voor óf op 31 Mei 2021 aan die Hoofkantoor terug-gestuur word. | Affiliasies | 2021-05-31. |
| (2) | Affiliasies word versoek om hul Ledelyste volledig te rekonsilieer - veral ten opsigte van die Identiteitsnommers, Selfoonnommers en E-posadresse. | Affiliasies | Deurlopend. |
| **8.3** | **<u>Goedkeuring van die 2021/22-Begroting</u>** | | |
| ▪ | Mnr Louis Wessels lê die finale 2021/22-Begroting aan die Algemene Raad voor vir goedkeuring. | | |
| ▪ | Die 2021/22-Begroting is vooraf aan die Komiteelede beskikbaar gestel vir insae / kommentaar. | | |
| ▪ | <u>Die ondergenoemde aannames is gebruik:</u> | | |
| ▪ | Salarisverhoging: 3.5% | | |
| ▪ | <u>2021/22-Affiliasiegeld</u><br>Die Affiliasiegeld is met 4% verhoog vir 2021/22. Die Affiliasiegeldbedrae is as volg:<br><u>Lidmaatskapkategorie</u> — <u>BTW (uitgesluit)</u> — <u>BTW (ingesluit)</u><br>Platinum-Lede: — R3 407.00 — R3 918.05<br>Goue-Lede — R1 704.00 — R1 959.60<br>Silwer- / Erelede: — R 852.00 — R 979.80 | | |
| ▪ | <u>Ledetal:</u><br>Die fianle ledetalle, na rekonsiliasie van die 2021/22-Ledelyste deur Affiliasies, is as volg:<br>Platinum-Lede: 1 153<br>Goue-Lede 419<br>Silwer-Lede: 376<br>Erelede 23 | | |
| | **<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (1) | Die finale 2021/22-Begroting word deur die Algemene Raad goedgekeur. | Alg Raad | 2021-06-22. |
| (2) | Dit bly die Affiliasies se verantwoordelikheid om hulle lede te diens en hul Affiliasiegeld in te samel en oor te betaal an Agri NW. | Affiliasies | |
| (3) | Affiliasies onderneem om in te staan vir die Affiliasiegeld van hulle ledetal op die gerekonsilieer-de 2021/22-Ledelyste, wat aan die Hoofkantoor deurgegee is voor óf op 31 Mei 2021. | Affiliasies | |
| **8.4** | **TERUGVOERING: UITSTAANDE 2019/20-AFFILIASIEGELD** | | |
| ▪ | Me H Botha het ‘n Tabel opgestel met kommentaar van die Uitstaande 2019/20-Affiliasiegelde. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| ▪<br><br>▪<br><br>▪<br><br><br><br><br>(1) | Dit is hoofsaaklik lede wat oorlede is, finansieel dit nie meer kan bekostig om lid te wees nie, nie meer lid is van Agri NW nie, hul grond verkoop en verhuis het, ensovoorts.<br>Die Tabel met die uitstaande 2019/20-Affiliasiegeld, waarop die kommentaar is, is reeds gesirkuleer aan die Raadslede.<br>Die betrokke Affiliasies met die hoogste uitstaande Affiliasiegelde is as volg:<br>Agri Schweizer R41 423.95<br>Agri Marico-Bosveld R45 165.03<br>**<u>BESLUIT:</u>**<br>Die betrokke Affiliasies sal deur Hoofkantoor gekontak word vir die uitstaande 2019/20-Affiliasiegelde en die insameling daarvan. | <br><br><br><br><br><br><br><br>Hoofkantoor / SJ Pretorius | |
| **8.5**<br><br><br>(1) | **AFSKRYWING VAN 2020/21-AFFILIASIEGELD VAN AFGESTORWE LEDE VAN AGRI VRYBURG, -SOETDORING EN -VORSTERSHOOP**<br>**<u>BESLUITE:</u>**<br>Die Algemene Raad gee hul goedkeuring vir die afskryf van die 2020/21-Affiliasiegelde van die ondergenoemde lede op voorstel van Cobus van Zyl en gesekondeer deur Stephanie Stols.<br><u>Die ondergenoemde lede se Affiliasiegeld vir 2020/21 word afgeskryf:</u><br><u>Agri Molopo:</u><br>Mnre A Muller Agri Vorstershoop Plaas verkoop. R 3767.40<br>JA de Klerk Agri Vorstershoop Oorlede. <u>R 1884.85</u><br><u>R 5652.25</u><br><u>Agri Soetdoring:</u><br>Wally Nel Agri Soetdoring Finansies. <u>R 941.85</u><br><u>Agri Vryburg</u>:<br>GD Cilliers Agri Stella Oorlede R 3767.40<br>JL Horn Agri Kameel Oorlede R 3767.40<br>AA Kock Agri Stellaland Oorlede R 3767.40<br>DJ Shuping Agri Boereplaas Oorlede R 1884.85<br>LJ Trust Agri Morokani Oorlede <u>R 3767.40</u><br><u>R16954.45</u> | | |
| (2) | Lede van Affiliasies wie oorlede is of om een of ander rede na die indiening van die gerekonsilieerde 2021/22-Ledelyste en die Affiliasiegeld van die lid/lede nie deur die Affiliasie oorbetaal kan word nie, moet 'n skrywe aan die Hoofkantoor stuur waarin versoek word dat dit afgeskryf moet word. | Affiliasies / Hoofkantoor | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| 9.<br>9.1 | **HOOFKANTOORBESTUUR**<br>**BESTUUR EN ADMINISTRASIE** | | |
| | <u>Toepassing van die Wet op die Beskerming van Persoonlike inligting (POPI Act)</u><br>Agri NW het reeds vir sy Affiliasies E-posse gestuur in hierdie verband. Die implementerings-datum is 2022-02-01.<br><u>Nuwe geborgde voertuig deur Zeerust Toyota vir Agri Noordwes:</u><br>Riaan en Josesph Lewis word bedank vir hul ondersteuning aan Agri Noordwes met die nuwe geborde voertuig wat aan Agri Noordwes voorsien is. Dit vervang die vorige geborgde voertuig aan Agri NW beskikbaar gestel is vir gebruik. Lede word versoek om hulle te ondersteun vir hul puik diens en voertuie. | | |
| 10. | **DATUM VAN VOLGENDE VERGADERING** | | |
| | Die volgende vergadering is geskeduleer vir 20 Oktober 2021. | | |
| 11. | **BEDANKINGS** | | |
| | Die Voorsitter bedank die Raadslede vir hul deelname en waardevolle insette tydens die Zoom-vergadering | | |
| 12. | **AFSLUITING EN VERDAGING** | | |
| | Die vergadering verdaag om 11:15. | | |

| ……………………………………………… | …………………………………… | ……………………………………………… |
|---|---|---|
| **VOORSITTER** | **DATUM** | **SEKRETARIS** |